# Hoofstuk van die dag: Lukas 20

> *Hulle kan ook nie meer sterwe nie; hulle is soos die engele. Hulle is kinders van God, omdat hulle uit die dood opgestaan*

*het. (vers 36)*

Die Bybel gee vir ons hopeloos te min inligting oor die hiernamaals om ons nuuskierigheid te bevredig. Ons sal eenvoudig moet wag tot ons eendag deel in die groot geskenk wat God vir ons voorberei het. Dit help nie om daaroor te bespiegel nie, want God bêre dit vir ons as 'n verrassing (vgl Rom 8:17-18).
Hier en daar gee die Bybel wel vir ons 'n glimps van die hiernamaals, soos Jesus doen in sy gesprek met die Sadduseërs. Jesus sê die hiernamaals is nie bloot 'n verlengstuk van ons aardse bestaan nie. Dit gaan 'n heel nuwe bestaansorde wees. Die dood is vernietig (vgl Op 21:4); die noodsaak aan 'n nageslag is daarmee verby.
Die intieme saamwees in die huwelik sal ook nie in die hiernamaals vir net een verhouding geld nie. Dit beteken egter nie dat dié besondere verhoudings ewe skielik tot niet sal wees nie. Daar is immers nie nét diskontinuïteit nie, maar ook kontinuïteit in die lewe hierna. Volgens Op 14:13 volg jou aardse lewe en werke jou.
Anders, ja, maar hemels anders. Ek kan nie wag nie!

© Bybelkoerant 2018 – 2026